# BRIDGING THE GAP

## Dissipelskapreeks September en Oktober 2018

## SA GEMEENTE LONDEN

## Kleingroepe



### Week 1: LEES

*Daar is 'n "gap"(gaping) tussen wie ons is en wie die Here wil hê ons moet wees. As ons Jesus wil volg, sy dissipels wil wees, wil leef soos Hy geleef het, moet ons hierdie gaping oorsteek.*
*Om 'n dissipel van Jesus te wees vra van jou om 'n paar belangrike besluite te neem – en dit is meer as om net 'n keuse te maak, dit is iets wat jy doelbewus en aktief sal moet gaan doen.*

***Gesels heel eerste oor hierdie vraag:***

**Wat maak dat daar 'n gaping/afstand/gap is tussen jou en die Here?**

***Gesels nou oor hierdie vraag:***

**Wat leer die Bybel ons oor wie en hoe word hierdie gaping oorgesteek?**

*(Dit is 'n "trick-vraag" want eintlik kan ons as mense dit nie met ons beste probeerslae regkry nie, al probeer ons hoe hard...)*

En tog leer die Bybel ons **dat ons baie kan doen** om onsself en ons harte en lewens vir God oop te stel. Ons is nie robots nie en kan kies hoe ons gaan reageer op God en hierdie verhouding en hoe ernstig ons daaroor is om die gaping tussen ons en God oor te steek.

***Wat kan ons doen om hierdie gap oor te steek?*** 6 goed: **Lees**... **Connect**... **Bid**... **Commit**... **Leef**... **Praat**

## LEES/READ - Psalm 119:1-16

**Antwoord daarna hierdie vrae eerlik:**

**Waarom lees jy Bybel?** Watter waarde het dit vir jou?

**Hoe lees jy?** Watter hulpmiddels werk vir jou? Waneer werk vir jou die beste?

**Waarom sukkel jy om gereeld te lees?** *Want kom ons wees eerlik – ons almal sukkel, en lees te min...*

### 'n Bietjie agtergrond oor Psalm 119

**Dit is die langste Psalm** en langste hoofstuk in die Bybel
Dit is opgedeel in 22 korter Psalms wat elkeen bestaan uit 8 verse = 22 x 8

Elke groepie van 8 verse begin met die volgende letter van die **Hebreeuse alfabet**... van *Aleph* v 1-8 (A) tot *Tau* v 169-176 (Z?). So leer 'n Joodjie sommer die alfabet en die Woord op een slag!

Psalm 119 **praat in elke vers oor God se Woord** – gebruik **verskillende woorde** daarvoor – ***kyk hoeveel verskillende woorde julle in v 1-16 kry wat gebruik word.***

**.......................................................................................................................**

**.......................................................................................................................**

**Die punt is:** Dit maak nie saak hoe jy daaroor praat en wat jy dit noem nie - ons **kan nie weg kom van die aanspraak** wat God deur sy Woord op ons lewens en op alles in ons lewens wil kom maak nie.

**Psalm 119:1-2 wil 2 belangrike sake aanspreek**. Hierdie sake loop dan dwarsdeur die hele Psalm en help ons om koers te hou en om die Woord reg te lees, te hanteer en te verstaan.

**Die eerste saak: Dit is 'n sleutel om geseënd te wees – v 1-2**

**Lees weer vers 1 en 2 – *sommer in verskillende vertalings***

**Wat maak jou werklik gelukkig in die lewe?** *Hoe kan die woordjie –* ***genoeg*** *– ons help om geseënd-wees nuut te verstaan?*
*Ek is genoeg... ek het genoeg... want dit is tog hoe God oor ons dink en wat Hy in ons doen...*

**Uitdaging**: In die mate wat jy God se Woord in jou lewe gaan toelaat, dit lees en daaroor dink en bid,en dit doen, gaan jy verander word.

**Hoe kan julle mekaar hiervoor challenge?**

**Die tweede saak: Dit is nodig dat jou hart reg is – v 1-2**

Hierdie pad egter die Here aan begin nie met die na kom van wette en reëls nie. Ons weet dat ons nooit onberispelik (v 1) sal kan leef nie.

**Wat wil vers 2 kom sê het ons harte hiermee te doen?** Hoekom dink julle dit is so belangrik om ons harte reg te hê as ons die gap tussen ons en God wil oorsteek?

**Lees ook verse 7, 11, 32, 34, 36 (***lees weer dit in die NIV, 1953 en 1983 vertaalings)*

**Uitdaging**: Wat kan jy/julle doen om te sorg dat God die regte plek in jou hart inneem? (*Dit is 'n bietjie tawwer vraag, maar wat help dit as ons nie mekaar challenge nie...)*

**We need a heart that seeks God en God soek heel eerste ons harte**

**Bid oor die volgende saak:** *Sonder God se Woord is ons niks, het ons niks. Die Bybel staan in die kern van ons geloof en die mate waarin ek gaan toelaat dat die Bybel my denke, en gedrag en keuses gaan vorm is die mate waarin ek dieper in my verhouding met die Here gaan groei. Daarom gaan ek begin lees om die gap tussen my en God oor te steek.*